Beeld
Jou wêreld, Jou koerant

Druk hierdie artikel

Agri SA moet hom nie laat intimideer nie

2010-08-03 00:19

agri SA kan nie verkwalik word oor sy besluit die afgelope naweek om uit te stap by die departement van landbou se nasionale beraad oor plaaswerkers in Somerset-Wes nie.

Volgens mnr. Johannes Möller, president van Agri SA, is sy organisasie se bydraes om die lot van plaaswerkers te verbeter, geïgnoreer.

Inderdaad. Hoekom bly as jy nie gehoor word nie en jou rol gereduseer is tot dié van 'n verhoogrekwisiet?

Möller voer aan die beraad het nooit werklik beoog om praktiese oplossings te bedink wat verband hou met die werklikheid op plase nie, maar eerder om sekere "politieke uitkomste" te bereik.

Dié het natuurlik meer te doen met die ANC se Kremlinagtige binnepolitiek aan die vooraand van die party se beleidskonferensie as met die werklike lot van plaaswerkers.

Me. Tina Joemat-Pettersson, stomme minister van landbou, kan nie veel wys vir haar 18?maande in dié kernportefeulje nie. Nou wend sy haar maar tot populisme en probeer die plaaswerkers opmaak teen die boere.

Gister is die intimidasieveldtog teen die boere voortgesit. Agri SA is beskuldig van "onprofessionele en onbeskofte gedrag". Die ANC se ou laai – om die legitimiteit te probeer aftakel van diegene wat nie slaafs wil inval nie – is afgestof.

Agri SA praat kastig nie namens alle boere nie, is beduie. Agri SA is heeltemal mans genoeg om te praat oor sy steunbasis.

Ongeag die getalle was Agri SA sedert 1994 'n stem van rede, 'n beoefenaar van pragmatisme en 'n voorstander van gematigde oplossings. Dis die heel laaste hand wat Joemat-Pettersson en haar politiek benepe burokrasie behoort weg te klap.

Niemand durf koud staan oor die lot van plaaswerkers nie. Groot vordering is die afgelope twee dekades gemaak om hul omstandighede te verbeter, maar daar is nog baie werk. Blywende oplossings sal egter net realiseer as ál die rolspelers betrokke bly – as gelyke, gewillige vennote; nie as politieke slaansakke vir die ANC nie.

Agri SA moet hom nie verder laat intimideer nie. Die onus is primêr op Joemat-Pettersson om die gebreekte kanaal te herstel. Nie op die boere nie.